higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4

(3081034)

22 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

494Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hierdie tipe projek samel geld vir ’n verdienstelike saak in, byvoorbeeld die opknapping van die Rooikruis Hospitaal in Kaapstad:

A Humanitêre projek
B Gemeenskapsprojek
C Maatskaplilke projek
D Ontwikkelingsprojek



1.2 Feite wat tydens die beplanning van ’n projek as waar, werklik of seker aanvaar word:

A Projekverwagtinge
B Projekaannames
C Projekuitsluitings
D Projekinsluitings

1.3 ’n Metode wat gebruik word om probleme te ontleed:

A Kommunikasie
B Versagting
C Probleemboom
D Probleemoplossing

1.4 ... behels die meting van werklike vordering teen die projekplan of -aanwysers, opsporing van afwykings en inwerkingstelling van korrektiewe optrede.

A Vorderingsbeheer
B Projekplan
C Projekhandves
D Projekmonitering



1.5 ’n Persoon wat betrokke is by of geraak kan word deur die aktiwiteite of enigiemand wat iets kan wen of verloor as gevolg van projekaktiwiteite:

A Spanlid
B Belanghebbende
C Kliënt
D Ondersteuner

Kopiereg voorbehou

1.6 Om groot lewerbares in kleiner, meer hanteerbare komponente op te breek om beter beheer te verseker:

A Bestek
B Ontleding
C Beplanning
D Lewerbare

1.7 Die ... is uiteindelik verantwoordelik vir die gehaltebestuur van ’n projek:

A projekingenieur
B projekbestuurder
C gehaltebestuurder
D spanlid

1.8 Ongeskrewe informele riglyne wat werknemers se gedrag rig:

A Etiek
B Volharding
C Gedragskode
D Norme

1.9 Proses waarvolgens die sukses van ’n projek in verhouding tot sy doel bestudeer word:

A Inspeksie
B Projekevaluering
C Nasporing
D Skedulering

1.10 ’n Krag wat nie deur die kontrakterende partye beheer kan word nie, en wat die partye verhoed om die kontrak na te kom:

A Bedreiging
B Beperking
C Risiko
D Force majeure

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Memorandums word gebruik vir eksterne kommunikasie tussen die projekbestuurder en die projekspanne.

2.1.2 Inkrementele projeklewering is ’n herbewerking-skeduleringstrategie waar tyd toegelaat word om die stelsel wat geïmplementeer word te toets, te hersien en te verbeter.

2.1.3 Kontrakbestuur is nodig wanneer ’n projek groot is en eksterne kontrakteurs en verskaffers gebruik moet word.

2.1.4 ’n Risiko is ’n negatiewe gebeurtenis wat kan plaasvind, soos toerusting wat betyds afgelewer word.

2.1.5 Verkopersvergaderings moet minstens een keer per week of elke tweede week plaasvind.

(5 × 1) (5)

2.2 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.2.1.–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Wanneer uitgawes oorweeg word, is een van die belangrikste aktiwiteite van ’n projekbestuurder …	A	verskafferkontrak
2.2.2	Belangrikste belanghebbende met die gesag om vir hulpbronne te teken en projekbesluite af te dwing	B	numeriese liasseerstelsel
2.2.3	Gedokumenteerde en gebergde inligting oor idees vir deurlopende verbeterings om soortgelyke projekte in die toekoms te hanteer	C	skatting
2.2.4	Dokumente geliasseer volgens die nommers wat daarop verskyn	D	tender
2.2.5	Alle aspekte van projekbestuur oor die verkryging van goedere en dienste van eksterne maatskappye	E	faktuur
2.2.6	Proses om ’n projek-idee te identifiseer	F	kostebestuur
2.2.7	Sorgvuldige ruwe berekening van koste wat op bestaande kennis en historiese data gebaseer is	G	borg
2.2.8	Skedule van kommunikasie oor gebeure om te verseker dat belanghebbendes ingelig bly	H	projekinisiëring
2.2.9	Formele aanbod om projekte uit te voer of dienste te lewer	I	lesse geleer
2.2.10	Verskaffers moet ’n ... en bewys van aflewering voorsien voordat betaling verwerk kan word.	J	begroting
		K	agenda
		L	kommunikasieplan

(10 × 1) (10)

2.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.3.1 Vergaderings wat gehou word om die status van ’n projek te bespreek, staan bekend as ...

2.3.2 Tasbare uitkomste of voordele van ’n projek staan bekend as ...

2.3.3 Bepalings in ’n projekplan wat gebruik word om koste te verlaag of geskeduleerde risiko’s te verminder, staan bekend as ...

2.3.4 ’n ... is ’n teken dat ’n risikogebeurtenis kan plaasvind.

2.3.5 Iets wat handelinge in ’n projek belemmer, staan bekend as ’n …

(5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

DIGITALE GELDEENHEID-PROJEK

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is gretig om sy eie digitale geldeenheid bekend te stel om mense in staat te stel om by kruidenierswinkels in te stap en met digitale geld te betaal wat veiliger is om te gebruik as banknote. Digitale geldeenhede is ’n nuwe tipe geld wat slegs in elektroniese vorm bestaan. In plaas daarvan om banknote te druk, sal ons sentrale bank digitale geld uitreik, wat elektronies oorgeplaas kan word. Soortgelyk aan kriptogeldeenheid word blokkettingtegnologie gebruik om transaksies en die eienaarskap van die geldeenheid op te teken. (Die blokketting verwys na ’n digitale grootboek van transaksies wat oor ’n hele netwerk van rekenaarstelsels verskyn.) Anders as kripto sal die digitale geldeenheid egter deur die sentrale bank gewaarborg word.

Terwyl sentrale banke die digitale ekonomie moet aangryp en hul rolle moet herdefinieer, sal die SARB versigtig vorentoe beweeg. Suid-Afrika se sentrale bank was een van die vroeë innoveerders toe hy die Projek Khokha Sentrale Bank Digitale Geldeenheid-eksperiment uitgevoer het. Die SARB het in April 2022 ’n verslag oor daardie eksperiment vrygestel. Deur middel van die eksperiment het hy 90% van die banke byeengebring wat daaglikse betalings in SA hanteer en 70 000 transaksies binne twee uur verwerk.

Mnr Khumalo, die skakelbeampte, het gesê dit het aan die SARB bewys dat Sentrale Bank Digitale Geldeenheid (SBDG) op ’n groothandelvlak toegepas kan word. Dit is egter anders met kleinhandel-SBDG wat uiteindelik gewone mense in staat sal stel om by ’n winkel in te stap en met ’n sentrale digitale geldeenheid te betaal wat deur ’n bank uitgereik is. Kontant en bankkaarte sal waarskynlik nog geruime tyd die dominante betalingswyse wees. Hierdie stelsel sal baie omsigtig in werking gestel word om te verseker dat alle belanghebbendes wat die digitale geldeenheid gebruik goed ingelig is oor die aanlyn stelsel wat jy op jou rekenaar, skootrekenaar of selfoon sal gebruik om daaglikse transaksies uit te voer sonder om met banknote te betaal.

Daar is tans 120 lande wat SBDG bestudeer of daarmee eksperimenteer om te bepaal of hul sentrale banke dit in werking kan stel. Volgens Khumalo kan SBDG ongetwyfeld sommige werklike probleme oplos waarmee ontwikkelende lande te kampe het, insluitend finansiële insluiting en die buitensporige koste van oorgrensbetalings. Loyiso Kunene is in 2023 as die projekbestuurder aangestel om die digitale geldeenheid-projek te lei en dit teen 2025 te finaliseer.

[Aangepas uit: *https://www.news24.com/fin24/markets/kganyago-on-digital-currency-reserve-bank-will-be-a-fast-follower-20230119*]

3.1 Evalueer kortliks die rol van die projekadministrateur in die digitale geldeenheid-projek. (2 × 2) (4)

3.2 Bespreek kortliks elk van die volgende leierskapsvaardighede wat mnr Kunene moet besit om die digitale geldeenheid-projek suksesvol te lei:

3.2.1 Etiese waardes

3.2.2 Onbevooroordeeld

(2 × 2) (4)

3.3 Gee VIER tipes hulpbronne wat gebruik kan word om die digitale geldeenheid-projek te voltooi. (4)

3.4 Hoe behoort mnr Kunene die grondbeginsels van hierdie projek se werksaamhede aan sy span te verduidelik? (2 × 2) (4)

3.5 'n Effektiewe kommunikasiestrategie is noodsaaklik om sleutelbelanghebbendes in te lig. Die digitale geldeenheid-projek se sukses of mislukking hang grootliks af van die gehalte van kommunikasie binne die projekspan en met alle belanghebbendes. Die kleinste verbreking van kommunikasie kan tot projekmislukking lei.

3.5.1 Mnr Kunene moet aan die projekspan en belanghebbendes oor die vordering van die digitale geldeenheid-projek verslag doen.

Noem VIER tipes vergaderings wat hy sal gebruik. (4)

3.5.2 Verduidelik die doel van 'n aktiwiteitskedule vir 'n projek. (2 × 2) (4)

3.5.3 Wanneer behoort 'n vergadering gehou te word om die status te hersien? (1)

3.5.4 Watter VIER items behoort by 'n weeklikse verslag ingesluit te word? (4)

3.6 Voorgestelde veranderinge word tydens die duur van die projek deur die projekbestuurder gedokumenteer en gekeur. Noodsaaklike veranderinge word ondersoek om die uitwerking van aanvaarding of verwerping te bepaal. Veranderinge kan goedgekeur of verwerp word.

3.6.1 Verduidelik die term *veranderingsversoek.* (1 × 2) (2)

3.6.2 Wie kan veranderinge aan die digitale geldeenheid-projekskedule inisieer? (1)

3.6.3 Verduidelik die stappe om 'n omvangbestuurstelsel te ontwikkel. (5)

[37]

VRAAG 4

4.1 Dit is belangrik dat 'n projekbestuurder bereid sal wees om uitdagings te hanteer om die impak daarvan op die projek se sukses te verminder, aangesien baie min projekte van die begin tot die einde glad verloop.

4.1.1 Waarom is dit belangrik dat mnr Kunene potensiële probleme met die projek so gou moontlik identifiseer en dokumenteer? (3 × 2) (6)

4.1.2 Gee SES voorbeelde van dokumente wat 'n projekbestuurder kan gebruik om aktiwiteitslyste op te stel ten einde dit te prioritiseer. (6)

4.2 'n Projekbestuurder moet verseker dat 'n konsekwente gehaltebeheerstelsel beskikbaar is en deurgaans toegepas word.

4.2.1 Verduidelik kortliks die term *gehaltebestuurstelsel.* (1 × 2) (2)

4.2.2 Wat sluit gehaltebeheer in? (4)

4.2.3 Noem VIER potensiële projekbeperkings wat die digitale geldeenheid-projek negatief kan beïnvloed. (4)

4.3 Verduidelik die uitwerking van goeie gehaltebestuur op hierdie projek. (5)
[27]

VRAAG 5

Sommige kleinhandelaars in Suid-Afrika, insluitend Pick n Pay, het begin om digitale geldeenhede soos bitcoin te aanvaar. Kriptogeldeenhede bly egter baie riskante bates en word nie deur die sentrale bank uitgereik nie. Daarteenoor is SBDG's (Sentrale Bank Digitale Geldeenhede) 'slim geld' wat deur sentrale banke uitgereik word en wat slegs in die digitale ekosisteem bestaan.

In sy dokument oor vrae wat dikwels oor SBDG gestel word, waarsku die SARB verbruikers dat kriptobates soos bitcoin privaat uitgereik word en nie deur enige regering of gesentraliseerde owerheid gesteun word nie. Gebruikers is blootgestel aan risiko's aangesien kriptogeldeenhede vatbaar vir beduidende prysskommelinge is. Daar word duidelik gestel dat hoewel 'n uitvoerbaarheidstudie gedoen is, dit nie beteken dat hierdie roete gevolg sal word nie.

5.1 Alle projekte hou 'n element van risiko in en die projekbestuurder moet prosesse ontwikkel om die risiko's te identifiseer, te meet en te beheer.

5.1.1 Noem VYF algemene bronne van risiko's vir die projekspan. (5 × 2) (10)

5.1.2 Verduidelik TWEE effektiewe beheermaatreëls wat mnr Kunene in werking kan stel om alle elemente en aktiwiteite van die projek ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid (BGV) te beheer. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.1.3 Watter dokument word voorberei wanneer die projek geëvalueer word? (1)

5.1.4 Adviseer mnr Kunene oor beplanning vir noodgevalle. (3 × 2) (6)

5.2 Wat is SES vereistes vir 'n effektiewe liasseerstelsel? (6)

5.3 Onderskei tussen *verifiëring ('verficiation')* en *bekragtiging* (*'validation'*). (2 + 2) (4)

[31]

VRAAG 6

In die finale stadium van die digitale geldeenheid-projek behoort die projek hersien te word en lesse in die uitvoering van die projek gedokumenteer te word.

6.1 Gee TWEE redes waarom mnr Kunene die lesse wat geleer is moet dokumenteer. (2)

6.2 Watter VIER stappe moet mnr Kunene volg om die projek te finaliseer en te oorhandig? (4)

6.3 Verduidelik die gebruik van 'n werksuiteensettingstruktuur (WUS of 'WBS') in die ontwikkeling van 'n skedule. (3 × 2) (6)

6.4 Beplanning vir die digitale geldeenheid-projek is nie behoorlik gedoen nie.

Watter DRIE lesse kan hieruit geleer word? (3)

6.5 Gee VYF redes waarom die eindproduk van die digitale geldeenheid-projek geëvalueer behoort te word. (5 × 2) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou